

Die geskiedenis van die bome voor die Ou Goewermentsgebou in Bloemfontein, Deur Amanda Groenewald

Die tuin voor die Ou Goewermentsgebou is uit eie reg 'n nasionale gedenkwaardigheid. Die bome het as monumente gedien vir die persone wat hulle geplant het, maar het ook bepaalde gebeurtenisse uit die Vrystaat se verlede verteenwoordig.

So het pres. JH Brand op 24 Februarie 1879 twee sipresbome voor die pasvoltooide Goewermentsgebou geplant. Dit was ter herinnering aan die Vrystaat se kwarteeufees-vieringe. Hiermee het pres. Brand die boomtuin voor die gebou begin. Die een boom het hy namens homself geplant en die ander boom namens mnr. Moritz Levisseur, uit wie se tuin die twee boompies gekom het.

In 1932 het twee nasate van pres. Brand en mnr. Levisseur twee nuwe denneboompies in die tuin geplant om die oorspronklike, kwynende boompies te vervang.

Op 19 Desember 1890 het verteenwoordigers van die twee Boererepublieke en die twee Britse kolonies elkeen 'n sipresboom in die tuin voor die gebou geplant. Dit was ter herinnering aan die amptelike opening van die eerste spoorlyn in die Vrystaat, wat Bloemfontein met die Kaapkolonie verbind het. Die vier verteenwoordigers was: pres. FW Reitz (OVS), lord Henry B Loch (Kaapkolonie), sir Charles Mitchell (Natal) en dr. WJ Leyds namens pres. Paul Kruger (Zuid-Afrikaansche Republiek).

Volgende aan die beurt was mev. Chamberlain. Sy het op 4 Februarie 1903 namens haar man, Joseph Chamberlain (die destydse Britse minister van Kolonies) twee rooskleurige meidoringstruik in die tuin voor die gebou kom plant. Dit was ter herinnering aan hulle besoek aan Bloemfontein. Mev. Chamberlain het albei struik geplant omdat haar man besluit het om dié middag te rus. In 1930 is hierdie twee struik deur twee bome vervang.

Ander persone wat ook bome in die tuin geplant het, was: lord Alfred Milner (1905), lord Selborne en sir Hamilton Goud-Adams (albei het Cedrus Deodara-bome in 1905 geplant), die hertog en hertogin van Connaught en hulle dogter, prinses Patricia (1906), sir HF Wilson (1906), die hertog van Braganza (die kroonprins van Portugal in 1907) asook sir Matthew Nathan (Goewerneur van Natal in 1907).

Hierdie bome het so goed begin groei dat hulle die voorkant van die historiese gebou begin verberg het. In 1961 is 'n ry bome aan die binnekant van die voorste heining verwyder, maar die historiese bome is met rus gelaat. Laasgenoemde het bly groei tot reusagtige bome.

'n Honderd jaar nadat die eerste boom geplant is, het die Administrateur van die Vrystaat, mnr. AC van Wyk, 'n olienhoutboom in die tuin voor die gebou geplant. Dit was op 23 Februarie 1979.

Die laaste boom is op 1 Oktober 1992 voor die gebou geplant. Hierdie voorreg was Naln se eerste kurator s'n – die toe reeds afgetrede prof. PJ Nienaber. Hy het op daardie dag 'n olienhouthoutboom net regs van die hoofingang geplant.

Intussen het die bome steeds bly groei en gedy, maar het weens ouderdom ook gevaarlik begin raak, veral sedert die 1990's. Gedurende storms en sterk winde het van die takke halfpad of heeltemal afgeskeur. Hierdie takke was van 'n redelike grootte – amper so groot soos 'n jong boom – en baie swaar. Hierdie takke het 'n gevaar vir die personeel en die publiek begin inhou.

Op 16 Januarie 2009 merk een van die personeellede vir die eerste keer op dat van die historiese bome besig is om dood te gaan. Mej. Amanda Groenewald het dadelik aan die kurator gerapporteer dat twee bome in die noordelike blok (naby die Pres. Brand-stand-beeld) tekens van redelik ver gevorderde afsterwing toon. Twee ander bome in die suidelike blok was in die beginstadium van afsterwing. Niemand weet wanneer het die bome begin doodgaan nie, want in Februarie 2008 was die bome nog in 'n goeie toestand toe mej. Groenewald hulle afgeneem het.

So het die een boom na die ander begin doodgaan. Die ware oorsaak kon nie vasgestel word nie. Daar is twee moontlikhede: die een is dat die boom beskadig is tydens die restaurasie van die tuin in 2008 na sy oorspronklike vorm. Sommige bome se bas het seergekry toe masjinerie te na daaraan gekom het, terwyl die paadjies en dies meer vir die tuinuitleg gemaak is. Hierdie teorie hou egter nie veel steek nie omdat net enkele bome (2 – 3) se bas so beskadig is en die res nie.

'n Moontlike oorsaak is dat die boom te veel water gekry het en begin versuip het. Met die restaurasie van die tuin in 2008 is vir die eerste keer 'n ondergrondse sprinkelbesproeiing-stelsel op die grasperke aangelê. Dit is presies waar die meeste van die historiese bome staan. Die besproeiingstelsel was gestel om outomaties vir drie dae per week (Maandae, Woensdae en Vrydae) 'n halfuur lank per keer die grasperke nat te spuit. Na elke besproeiingssessie het daar vir ure lank 'n groot dam water op die grasperke bly lê. Dit was heeltemal te veel vir hierdie boom wat aan droogtes gewoond was. Geen wonder hulle het doodgegaan nie.

Uiteindelik was die boom te ver heen om gered te word. Die takke wat bly afskeur, was nog steeds 'n gevaar vir almal. Ook het die dooie boom tuinplae soos miere en termiete begin lok. Na'n se kurator, mnr. Otto Liebenberg, het op 14 Maart 2014 toestemming van beide die Vrystaatse Provinsiale Museumdiens se bestuur asook van die Vrystaatse Erfenishulp-bronagentskap gekry om die dooie, historiese boom te laat afsaag.[13] Die kontrakteur hiervoor was mnr. Cobus Venter van Cosun. Hy en sy span het op 17 Maart 2014 met die afsaag van die boom begin. Die laaste dooie boom is op 31 Maart 2014 afgesaag en weggevoer.



INSIDE OUT SCHOOLS PRESENTS

CASINO Night

FUNDRAISING EVENT

Games - Fun - Prizes

POKER - BLACKJACK - ROULETTE

25 OCTOBER • 18:00

at **KURUMAN LODGE**

Dress code: **Semi Formal**

R300 per person Welcome drink, appetizers & fun
R500 per couple money included

Join us for a night full of glitz, games, and fun

PROUDLY SPONSORED BY:

SEGOKAKU TRANSPORT

RED SANDS Country Lodge

Gloria Spares

NC Signs

SR

ROMAN'S PIZZA

MANZI

TOYOTA LEAD THE WAY

NMI TOYOTA KURUMAN

COUNTRY HOTELS

KURUMAN LODGE

Pickn'Pay

asap!

SYLON

GREEN & WHITE




HOU DIE SPASIE DOP VIR ONS

Wesfrontvasbyt

23-26 Oktober

Paardeberg

60 km in 4 dae

R950 p.p.

Navrae: Cara 072 439 2593






www.fak.org.za

Kalahari Mud Challenge

MUD, MEMORIES & MAYHEM: COME JOIN THE FUN!

- Stalletjies
- Kos verkope
- Hindernisbane
- Go Karts

10 - 17jr
R 50
 2 - 9jr
R 20
 18 - 99jr
R 80

6 Desember 2025

Verskillende tydslotte beskikbaar

@ Kathu Perdeklub

KONTAK

Lisa Marie @ 083 505 1711






High School Actors > 21+23 NOV R80
Primary School Actors > 22 NOV R60 @ The Rabbit Studio

the RABBIT

CINDERELLA

a Musical Comedy

MAIN SHOWS (Adult Actors) R100

27 - 29 NOVEMBER

TICKETS from 10 Oct @ rabbithouse.co.za/events



Thursday, October 30, 2025 at 7 PM

Nataniël & Orkes

Public · Event by Francie Hanekom Poolman

UPINGTON SUMMER TRIATHLON

Waterfront Guest House & Venue 1 November 2025

Proudly Powered by:

UPINGTON

UST CHALLENGE	HALF UST	JUNIOR UST	KIDDIES UST
 10km  20km  10km R250 individual entry R2000pp team entries	 10km  20km  10km R250 individual entry R2500pp team entries	 10km  10km  5km R250 individual entry R2000pp team entries	 10km  10km  5km R150 individual entry

INFORMATION & ENTRIES

- entryninja.com (Search: Upington Summer Triathlon)
- 072 082 5070 (Jana)
- Registration 31 October from 16h00 at Race Venue
- Entries close 26 October 2025 at midnight

 Group t-shirts
 A t-shirt to wear
 free event socks
 (until you submit debit to your entry for R250)
 Downloading for free
 100 socks



JUAN BOUCHER

ALBUM BEKENDSTELLING @ DORINGDRAAD, DEBEN



08 NOVEMBER 2025, 19H30
KAARTJIES: ☎ RACHEL 073 237 4566
PLEK: STERREDAK TEATER DEBEN

SPRINGBOKKE VS FRANKRYK GAME SAL NA DIE SHOW
GEWYS WORD OP 'N BIG SCREEN



ICE AGE EXPO SA

Bloemfontein

Showgrounds Bloemskou

6th February to 8th February 2026

www.iceagesa.com



Winton Guest farm

Winton offers a unique, rustic, true farm atmosphere and will happily assist with the planning of all aspects of your special occasion.

Passion, commitment and dedication is at the core of everything we do.

We would love to meet you as a potential client and have you leave as a friend.



- The Guest House has 3 bedrooms plus open plan room (sleeps 11) & 2 bathrooms & outside toilet & shower
- The original farm house hosts 5 bedrooms (sleeps 10) and 2 bathrooms.
- 3 Family rooms - sleeps 4,6,8 with bathrooms
- "Die Sandhuisie" is perfect for a romantic getaway. The Ideal start to a perfect honeymoon.



Weddings



Beautiful Memories

Winton offers a romantic setting for your perfect wedding

Telephone: 083 794 0375
Email: info@winton.co.za
koosvz@isat.co.za
www.winton.co.za





Soetfontein Guest Farm



Soetfontein Guest Farm is a turn of the century family-owned farm offering a traditional farm-style stay. Here guests will experience the peace and quiet of the countryside and the relaxing atmosphere, amidst the Kalahari Bushveld, the ideal location to switch off from your daily routine. Making it a memorable location for accommodation bookings, planning your perfect function or wedding.

Contact: 0828889547 / 0828084168, www.soetfontein.co.za, reservations@soetfontein.co.za

Bloem-Familie
25 Oktober 2025
Trekkerfees

Ferreira Museum, Speserylaan 16, Quaggafontein, Bloemfontein

- Verskeidenheid uitstallings
- Trekkerploeg en Trekkerparades
- Stoomenjin en antieke enjins
- Kabouterbraai vir kinders
- Ystersmid demonstrasies

Pretdag vir die hele gesin!! Hekke open 08:00 - 16:00

Navrae: Rudie - 082 815 1727
Jaco - 079 892 1265 / Eric - 081 436 0829

Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshapo esafeleng

PROJECT OF HOPE 2025

Stand a chance to win a **Renault Kwid Climber** to the value of R222 000.

Minimum of R50 donation
Closing date: 30 September 2025
Draw of winner by 31 October 2025

Tickets available online at www.engo.co.za or at any participating Engo programme.

EVOLVE
AUDIT & ADVISORY

novus
media community news

VREDE VAN DIE OORLOGSMUSEUM
FRIENDS OF THE WAR MUSEUM

JAARVERGADERING
Potpourri uit die Anglo-Boereoorlog

SPREKER: DR
ARNOLD VAN DYK

BY DIE
OORLOGSMUSEUM

8 NOVEMBER 2025
10H00

RSVP: museumvriende@gmail.com
Skakel ook beskikbaar vir aanlyn bywoning.

Hein Griesel
stel bekend: *Water: 13 + 1 kortverhale*
(NALEDI UITGEWERS)

30 Oktober 2025 om 18:00 by NALN

RSVP:
Hein Griesel: 0845598991
of vriendevannaln@gmail.com

PARKERING IS BESKIKBAAR VOOR DIE GEBOU VIA DIE HOOFHEK OF OP DIE TEERBLAD LANGS DIE GEBOU VANUIT MIRIAM MAKEBA STRAAT (VOORHEEN ELIZABETH STRAAT).

